

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

FEBRUARIE/MAART 2018

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.
3. Lees die vrae versigtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringsstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 'n Geskrewe plan wat die toekomstige handeling aandui met betrekking tot moontlike inkomste en uitgawes van 'n boerderyonderneming:
- A Begroting
 - B Proefbalans
 - C Balansstaat
 - D Kontantvloeietaat
- 1.1.2 Die boerderybestuurskomponent wat die groepering van handeling behels wat die produktiwiteit van 'n boerderyonderneming sal verbeter:
- A Besluitneming
 - B Koördinering
 - C Organisering
 - D Beheer
- 1.1.3 Die tipe kapitaal wat 'n boer gebruik om lewende hawe en boerdery-implemente te koop:
- A Vaste kapitaal
 - B Bedryfskapitaal
 - C Beweeglike kapitaal
 - D Vlottende kapitaal
- 1.1.4 Die opbrengs ontvang deur 'n boerderyonderneming nadat alle bedryfskoste betaal is:
- A Netto boerderyinkomste
 - B Boerderywins
 - C Bruto marge
 - D Veranderlike koste
- 1.1.5 'n Geskrewe plan wat die produksie- en finansiële besluite in 'n produksieonderneming aanteken:
- A Besigheidsplan
 - B Begroting
 - C Besigheidsadvertensie
 - D Besigheidsbeeld

- 1.1.6 Die relatiewe verandering in hoeveelheid gevra wat met 'n relatiewe verandering in prys geassosieer word:
- A Onelastiese vraag
 - B Onelastiese aanbod
 - C Vraag-elasticiteit
 - D Aanbod-elasticiteit
- 1.1.7 Die volgende beïnvloed NIE 'n verhoging in plaaslike bemarkingskoste NIE:
- A Verpakking van voedsel
 - B Uitvoerbelasting
 - C Prosesering van voedsel
 - D Bemarkingsdiens
- 1.1.8 Die persoon wat produkte vir herverkoop by produsente, verwerkers en ander bemarkingsmiddelmannes koop:
- A Kleinhandelaar
 - B Aandelemakelaar
 - C Agent
 - D Groothandelaar
- 1.1.9 Die volgende bemarkingsbenadering word deur koöperasies gebruik:
- A Koop in groot maat en verkoop op klein skaal
 - B Koop op klein skaal en verkoop op klein skaal
 - C Koop op klein skaal, kombineer produkte met ander koöperasies en verkoop in groot maat
 - D Koop in grootmaat en verkoop in groot maat
- 1.1.10 ... word vir makliker hantering van landbouprodukte gebruik.
- A Verpakking
 - B Prosesering
 - C Standaardisering
 - D Gradering
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Werknemer	A	middel om kapitaal te skep deur wins en besparings te gebruik om boerderyaktiwiteite te finansier
1.2.2	Sonlig		
1.2.3	Blansjering	B	hoeveelheid water in die atmosfeer by 'n bepaalde atmosferiese druk
1.2.4	Standaardisering		
1.2.5	Veldbestuur	C	'n brondokument wat uitgereik word wanneer verkeerde items afgelewer word
1.2.6	Opvoedkundige toeriste		
1.2.7	Eie kapitaal	D	grafiek op 'n rekenaar wat die daaglikse maksimum en minimum temperature aandui
1.2.8	Kredietnota		
1.2.9	Klimaatrekords	E	klimaatsfaktor wat die fotosintetiese aktiwiteit van 'n gewas beïnvloed
1.2.10	Humiditeit	F	mense wat opwindende dinge wil doen terwyl hulle met vakansie is
		G	verdeling van weiveld in kampe om diere in staat te stel om tussen kampe rond te beweeg om oorbeweiding te voorkom
		H	'n groep mense wat plekke besoek om navorsing in landbou te doen
		I	die verhitting van melk by 'n temperatuur van 62 °C en om dit vir 30 minute by hierdie temperatuur te hou
		J	'n faktor wat die belemmering van landbouprodukte belemmer in die geval waar 'n boer 'n gebrek aan die nodige kennis het
		K	verhitting van groente en soms vrugte in kookwater vir 'n kort tydperk om ensieme en mikrobebevolking te elimineer
		L	persoon wat aan die hoof van 'n boerderyeenheid rapporteer

(10 x 2)

(20)


- 1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.
- 1.3.1 Krediet benodig vir die verkryging van beweeglike kapitaal, soos voertuie, toerusting, aanteelwee en masjinerie
- 1.3.2 Die koste van arbeid of materiaal wat styg met elke item wat geproduseer word of elke diens wat gelewer word
- 1.3.3 Die proses waar die boer seker maak dat die werklike aktiwiteite met die produksieplan ooreenstem
- 1.3.4 'n Aktiwiteit deur boere en verwerkers om te verseker dat produkte elke deel van die land bereik
- 1.3.5 Die dryfveer vir gedrag wat deur menslike eienskappe veroorsaak word, soos die strewe na mag, die behoefte aan die gevoel van behoort of die begeerte na wins
- 1.3.6 Die stelsel waar al die produkte geproduseer, saam geplaas en in massa deur die koöperasie hanteer word om die produk te verkoop
- 1.3.7 Die koste wat plaasprodusente moet aangaan, van grondvoorbereiding tot by die oes van die produkte
- 1.3.8 Die funksie waar 'n produsent produkte vir kapitaal verruil
- 1.3.9 Die begin van 'n nuwe besigheid deur innoverende individue wat op geleenthede in die bedryf reageer
- 1.3.10 Die entrepreneursvaardighede wat leierskap, netwerking en spanwerk insluit (10 x 1) (10)
- TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B

VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

2.1 Die diagram hieronder verteenwoordig gronddiepte in gewasproduksie.



2.1.1 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor om grond A en grond E met verwysing na die gegewe kriteria te vergelyk.

KRITERIA	GROND A	GROND E
Diepte		
Waterinfiltrasie		
Dreinerings		
Waterhouvermoë		

(8)

2.1.2 Kies tussen peulplante en graangewasse en dui aan watter EEN die beste sal groei in:

(a) Grond A (1)

(b) Grond B (1)

2.2 Gee VIER redes waarom veeboere soetveld bo suurveld vir weiding verkies. (4)

2.3 Beskryf DRIE nadele van 'n intensiewe boerderystelsel op grond as gevolg van die oorgebruik van water en landbouchemikalieë. (3)

2.4 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor om die verskillende tipes weidings in kunsmatige (aangeplante) en natuurlike weiding te klassifiseer.

Tipes weidings:

- Klawer
- Grasveld
- Peulplante
- Meerjarige grasse
- Struikveld
- Savanna

KUNSMATIGE (AANGEPLANTE) WEIDING	NATUURLIKE WEIDING

(6)

2.5 Boere verloor hulle plaaswerkers as gevolg van swak gesondheid. Die gevolg is dat nuwe werkers in diens geneem en opgelei moet word wat beteken koste moet aangegaan word.


2.5.1 Verduidelik DRIE metodes wat 'n boer kan gebruik om die risiko te verminder om inkomste weens die swak gesondheid van plaaswerkers te verloor.

(3)

2.5.2 Noem DRIE items wat by die siektebeleid en -program van 'n boerderybesigheid ingesluit moet word.

(3)

2.6 Bestudeer die tekenprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.6.1 Kategoriseer die verskillende kapitaal wat in die tekenprent hierbo genoem is.

(6)

2.6.2 Gee die boer raad oor hoe hy/sy die ekstra geld kan kry om items wat op die plaas nodig is, te koop.

(1)

2.6.3 Noem DRIE belangrike vereistes vir 'n boerderybesigheid om vir langtermynkrediet te kwalifiseer.

(3)

2.6.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen die volgende kapitaalbronne:

(a) Eksterne bronne

(2)

(b) Interne bronne

(2)

- 2.7 Boere moet akkurate plaasrekords hou om hulle in staat te stel om die plaas se finansies te bestuur.
- 2.7.1 Maak 'n lys van VIER voorvereistes wat die plaasbestuurder in staat stel om die volgende Kontantvloeibegroting op te stel. (4)
- 2.7.2 Beskryf DRIE waardevolle vergelykings wat 'n boer uit die begroting en die finansiële staat vir dieselfde tydperk kan maak. (3)
- [50]**

VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

- 3.1 'n Nuwe kleinskaalse boer se arbeidsmag bestaan uit sewe permanente personeellede. Die boer neem van tyd tot tyd 20 seisoenale werkers in diens. Die plaasbestuurder moet met rekordhouding help, veral vir die arbeidsmag.

Noem VYF arbeidsverwante rekords wat gehou moet word. (5)

- 3.2 Noem VIER data-items wat in brondokumente weergegee word en wat nodig is om die plaas se finansiële rekeninge te voltooi. (4)

- 3.3 Gebruik die inligting oor 'n groente-onderneming hieronder om die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 te voltooi.

Grondvoorbereiding R10 000, oes R6 000, los arbeid R8 000, saad R6 500, kunsmis R10 000, siekte-, plaag- en onkruidbeheer R10 000, herstelwerk en instandhouding R15 500, verpakking en bemarking R4 000, verkoop van wortels R11 500, verkoop van uie R28 000, verkoop van tamaties R20 000, verkoop van kool R9 400

- 3.3.1 Stel 'n Inkomstestaat op en gebruik die opskrifte in die tabel hieronder. Skryf die inligting wat hierbo gegee is in die toepaslike kolomme en bereken die totale.

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

INKOMSTE	WAARDE (Rand)	UITGAWES	WAARDE (Rand)
TOTAAL		TOTAAL	

- 3.3.2 Bereken die wins of verlies vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. Dui aan of dit 'n wins of verlies was. (2)
- 3.4 Definieer die volgende landbouterme soos dit in finansiële bestuur gebruik word:
- 3.4.1 Gelykbreekpunt (1)
- 3.4.2 Debiteur (1)

- 3.5 Die Balansstaat is 'n maatstaaf van wat 'n besigheid werd is en waar die totale bates aan die totale laste gelyk is.

'n Gewasboer het die volgende saldo's op 31 Augustus 2017 in sy/haar boeke gehad:

ITEMS	BEDRAE
Kontant	R2 000
Kapitaal	R115 000
Grond	R100 000
Oortrokke bankrekening	R15 000
Aandele	R20 000
Debiteure	R13 000
Verbandlening	R120 000
Implemente	R25 000
Tweedehandse trekker	R50 000
Geboue	R50 000
Krediteure	R10 000

Gebruik die data in die finansiële rekords hierbo om die ontbrekende inligting in die balansstaat hieronder in te vul. Skryf die inligting langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

BATES	WAARDE	LASTE	WAARDE
Vaste bates		Kapitaal	R115 000
	3.5.1		
Geboue	R50 000	Verbandlening	R120 000
	3.5.2		
Implemente	R25 000		
Bedryfsbates		Bedryfslaste	
	R20 000		3.5.5
	3.5.3	Oortrokke bankrekening	R15 000
	3.5.4		
Totaal	R260 000	Totaal	3.5.6

(6)

- 3.6 'n Strategiese bemarkingsplan is deel van 'n besigheidsplan vir 'n landbou-onderneming. Dit integreer al die besigheidsaktiwiteite en hulpbronne logies om in die verbruiker se behoeftes te voorsien en om wins te genereer. Dit is belangrik om die korrekte inligting te bekom om gedurende die bemarkingsproses foute uit te skakel.

3.6.1 Gee redes waarom dit belangrik is om 'n strategiese bemarkingsplan vir 'n landbouonderneming op te stel. (2)

3.6.2 Stel 'n lys van die vrae saam wat jy sal gebruik om inligting vir 'n strategiese bemarkingsplan te versamel. (5)

3.7 'n Besigheidplan is belangrik om 'n nuwe besigheid te lei.

3.7.1 Beskryf VIER basiese kenmerke van 'n besigheidsplan met betrekking tot die produk. (4)

3.7.2 Noem VIER aspekte wat 'n boer sal oorweeg met betrekking tot die plek om sy/haar landbouprodukte te verkoop. (4)

3.8 Die tabel hieronder verteenwoordig die vraag en aanbod van 'n gewas.

PRYS (R/kg)	HOEVEELHEID AANGEVRA PER WEEK (kg)	HOEVEELHEID AANGEBIED PER WEEK (kg)
4	600	-
8	500	100
12	400	200
16	300	300
20	200	400

3.8.1 Trek 'n lyngrafiek van die data in die tabel hierbo wat die vraag en aanbod vir hierdie gewas verteenwoordig. (5)

3.8.2 Dui die prys van die produk by die punt van markewewig aan. (1)

3.8.3 Bespreek kortliks TWEE moontlike redes vir die tekort aan die produk op die mark op spesifieke tye. (2)

3.8.4 Verduidelik kortliks die TWEE strategieë wat die boer kan gebruik om produktekorte op spesifiek tye, soos genoem in VRAAG 3.8.3, te hanteer. (4)

[50]

VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Die beplanningsfase is krities vir die sukses van die oes.

4.1.1 Noem VIER faktore wat 'n boer gedurende die oes van 'n gewas in ag moet neem. (4)

4.1.2 Beskryf TWEE basiese beginsels van die hantering van 'n gewas na die oes. (2)

4.2 Daar is 'n verskeidenheid stoormetodes vir verskillende landbougewasse. Die stoor van die meeste gewasse in grootskaalse kommersiële boerderye vind weg van die plaas by meule of voorraadmagasyns of koöperasie-pakstore plaas.



4.2.1 Identifiseer die stoorfasiliteit wat in die prent hierbo getoon word. (1)

4.2.2 Noem DRIE omgewingsfaktore wat in die stoorfasiliteit wat in VRAAG 4.2.1 genoem is, beheer kan word. (3)

4.3 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor. Plaas die stellings in die lys hieronder onder die korrekte opskrifte in die tabel om aan te dui dat jy die konsepte van sortering en gradering verstaan.

- Verwyder met die eerste oogopslag ongewenste bykomende materiaal, byvoorbeeld blare of klippies
- Die assessering van 'n aantal eienskappe van 'n produk om 'n aanduiding van die algehele gehalte daarvan te kry
- 'n Duur proses as gevolg van die lang prosedure van standaardisering
- Skeiding van grondstowwe in kategorieë op grond van vorm, grootte, gewig, voorkoms en kleur
- Skeiding van grane, vrugte of groente in bemarkbare en nie-bemarkbare produkte
- Vereis vaardige personeel

SORTERING	GRADERING

(6)

4.4 Die vraag na verwerkte landbouprodukte is hoër as vir rou landbouprodukte.

4.4.1 Noem DRIE fermenteringsprosesse wat gebruik kan word om produkte te preserveer.

(3)

4.4.2 Verkoeling is een van die prosesse om landbouprodukte te preserveer. Verduidelik die uitwerking van vog in die verkoelingsproses.


(2)

4.5 'n Skematiese voorstelling van 'n agribesigheidsketting kan vanaf die primêre landbousektor na die sekondêre landbousektor en na die verbruiker getrek word.

4.5.1 Klassifiseer die volgende in die korrekte landbousektor:

vleisverwerking; gewasboerdery; diereproduksie; slaghuis; supermark; varsproduktemark

Gebruik slegs EEN onderneming as 'n voorbeeld om die skematiese voorstelling in die ANTWOORDEBOEK te trek met gebruik van die volgende formaat:



(3)

4.5.2 Noem DRIE tersiêresektor-insette wat die primêre en sekondêre sektor met die hantering en bemarking van produkte aan die verbruiker ondersteun.

(3)

4.6 Noem DRIE hoof funksies van verpakkingsmateriaal by die hantering van bederfbare produkte. (3)

4.7 Noem TWEE faktore wat die lewensvatbaarheid van waardetoevoeging van produkte op 'n plaas sal aandui. (2)

4.8 Moderne toeriste wil nie rondlê en boeke lees wanneer hulle met vakansie is nie; hulle wil ervarings hê. Die Rooibosroete is deur twee kreatiewe susters, 'n span hardwerkende mense, 'n webtuiste en die toerismebedryf bekendgestel.

'Wat ons met die Rooibos Teehuis besef het, is dat toeriste nie net tee wil koop nie. Hulle wil die plante in hul natuurlike omgewing sien en daaraan raak, hulle wil meer leer oor die oes en droogmaak van die finale produk, hulle wil alles weet oor hoe die groen plant rooi tee in 'n sakkie word,' sê Stander. 'Ons wou dit net vir toeriste wat belang stel in die rooibosbedryf makliker maak om 'n uitstappie te beplan waartydens hulle oor die bedryf kan leer terwyl hulle in 'n mooi omgewing ontspan.'

[Aangepas uit *Rooibosroete/Rooibos Route*]

4.8.1 Definieer die term *produksieroete* soos wat dit in agritoerisme gebruik word. (2)

4.8.2 Identifiseer TWEE aktiwiteite in die scenario waarin toeriste belangstel. (2)

4.8.3 Gee DRIE aspekte wat die opvoedkundige potensiaal van die agritoerisme-onderneming hierbo illustreer. (3)

4.8.4 Identifiseer DRIE entrepreneurseienskappe wat in die scenario hierbo getoon word. (3)

4.9 Die bestuur van 'n plaas het in moderne boerderyondernemings die belangrikste bepaler van 'n suksesvolle en ekonomies lewensvatbare onderneming geword.

4.9.1 Bespreek kortliks VIER rolle van die plaasbestuurder in die handhawing van die finansiële lewensvatbaarheid van 'n landbou-onderneming om finansiële volhoubaarheid te bereik. (4)

4.9.2 Noem die VIER basiese tipes koördinerings. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200